# AFDELING A

## 2. DIE BOU VAN DIE DRAMA

Dramas het uiterlike en innerlike kenmerke.

### 2.1 UITERLIKE BOU – KENMERKE


- Die uiterlike bou verwys na hoe die drama in bedrywe of tonele verdeel is. *Siener in die Suburbs* word as ’n vollengtestuk in drie bedrywe aangebied. Die intrige (storielyn/plot) verloop binne dié drie bedrywe. Die gordyn sak tussen bedrywe.
- ’n Vollengtedrama het normaalweg een sentrale tema met moontlike subtemas. Die sentrale tema sentreer om ’n bepaalde krisis of krisismoment in die karakters se bestaan. Die krisismoment speel in die **intrige** (**storielyn**/**plot**) uit. Die **intrige** is die volgorde of struktuur waarin die oorsaak en gevolg van ’n reeks hoofgebeure en situasies mekaar opvolg. Die **intrige** in *Siener in die Suburbs* sentreer om ’n gesin se somber lotgevalle in die arm “suburbs” van een van Johannesburg se suidelike voorstede. Dit speel in die agterplaas van Ma se skakelhuisie (“semi”) oor twee dae af – Vrydag vroegaand, later die Vrydagaand en Saterdagmiddag. Die dramaturg verweef die intrige van *Siener in die Suburbs* om die oorsake wat vir Tjokkie dwing om te “sien”. Dié “sien”-episode het ingrypende gevolge vir al die karakters, maar dit hou tragiese gevolge vir Tjokkie self in. Hierdeur word eenheid van tyd, ruimte en handeling in die intrige van *Siener in die Suburbs* geskep.
- Anders as in ’n roman is die getal karakters, waardeur die intrige gedra word, meer beperk. Die dialoog is direk afgespits op die kerngebeure en op karakterbeelding.
  *Siener in die Suburbs* is ’n vollengtedrama en **karakterontwikkeling** van die hoofkarakter vind plaas. Die karakterontwikkeling is ook nie so uitgebreid soos in ’n roman nie, vanweë die beperkte speeltyd. Tjokkie, as hoofkarakter, ontwikkel tot ’n buitestander en tragiese held as gevolg van sy heldersiendheid.

### 2.2 INNERLIKE BOU – KENMERKE

- Die innerlike bou verwys tradisioneel na die “fases” waarvolgens die spanningslyn binne die intrige en handelingsverloop ingedeel word. Spanning is ’n belangrike element in die drama. Die benoeming van die fases in die toenemend stygende spanningslyn dra by tot die verstaan van die handelingsverloop. Spanning word deur verhaalgebeure geaktiveer en dan verder gevoer as die teaterganger nuuskierig en meegevoer raak oor die gevolge van gebeure en situasies. Hoe meer die nuuskierigheid geprikkel word, hoe groter raak die spanning.

**DRAMATIESE STRUKTUUR**

**Fases in die innerlike bou – *Siener in die Suburbs***



**LW:** Die indeling van verhaalgebeure volgens fases in die innerlike bou is nie noodwendig beslis nie. Dit moet as riglyne beskou word. Spanningselemente kan reeds in die eksposisie waargeneem word en eksposisionele elemente kan deurgaans voorkom.

2.2.1 In die **eksposisie** (ook uiteensetting) word die teaterganger (ook die leser) aan die volgende aspekte bekendgestel:

- die **vernaamste karakters** word binne bepaalde verhoudinge voorgestel.
- die **ruimte** (deel van **milieu**) waarbinne die verdere handeling sal plaasvind.
- die **tydsgewrig**, **speeltyd** en **gespeelde tyd** (deel van **milieu**) waartydens handeling plaasvind.
- die **situasie of probleem** wat reeds in die eksposisiefase **spanning** skep en deur **die intrige** verder gevoer word.

In *Siener in die Suburbs* se eksposisie word al die karakters bekendgestel: Tjokkie, dan Giel, Albertus, Ma, Jakes, Fé en laastens Tiemie. Die gebeure speel in die vroeë jare van die 1970's in die agterplaas van Ma se "semi" (skakelhuisie) in die "suburbs", suidelike Johannesburg, af. Hulle sosio-maatskaplik situasie is sigbaar op die verhoogruimte. Uit die afgeleefde skakelhuisie se mure en houtwerk, hoenderhok en sinkplate in die agterplaas blyk die familie se armoedige bestaan. Tjokkie werk aan 'n 1948-Buick waarvan die enjin in stukke op 'n werkbank lê. Hy bly die hele tyd onder die motor. Spanning word reeds deur die karakters se probleemsituasies opgewek en verdere verwikkeling en konflik is latent. Giel het geldelike moeilikheid, Jakes opper sy "moeilikheid" deur vooruitskouend te suggereer dat hy meisies in die moeilikheid bring, Ma sal moeilikheid kry as sy met Giel trou en haar man keer dan dalk met "shocks" uit die Noorde terug. Sy sal met twee mans sonder haar oorlogspensioen sit. Giel plaas druk op die heldersiende Tjokkie om hulle uit hulle "moeilikhede te sien".

# AFDELING B

## DIE EERSTE BEDRYF

### EKSPOSISIE (Uiteensetting)

Bekendstelling van karakters, ruimte, tyd, probleemsituasie en aanvanklike spanning.

### HANDELINGSEENHEID 1: Toneelaanwysings/neweteks (p. 41) tot spreekbeurt 56 (p. 47)

#### OPSOMMEND

Dit is vroeg Vrydagaand in ’n suidelike voorstad (“suburb”) in Johannesburg. Ma kom hang gou wasgoed op en Tjokkie werk aan ’n Buick. Giel Swart verskyn met ’n pakkie onder sy arm. Hy treiter vir Tjokkie oor die toestand van die motor en dat Tjokkie sy geld en tyd met die herstelpoging mors. Tussendeur vra hy gedurig vir Tjokkie waar Ma is. Tjokkie raak al hoe meer geïrriteerd met Giel se wysneusigheid oor die motor. Giel verander sy deuntjie en sê ewe kruiperig dat Tjokkie die ou Buick sommer gou aan die loop sal kry. Tjokkie besef dadelik dat Giel ’n plan het om sy nuwe muurteks met die spreuk, “Wat is ’n huis sonder ’n vader?”, aan hom te smous. Dit blyk duidelik dat Giel geldelike “moeilikheid” het en hy is angstig om sy selfverklaarde “kuns” te verkoop. Tjokkie noem dit “gemors” en dit ontlok wedersydse beledigings tussen Tjokkie en Giel. Giel is dadelik weer jammer, maar Tjokkie weier om vir Giel uit sy geldelike verknorsing te help deur die muurteks te koop. Hy het darem van sy spreuke aan drie mans by die hotel verkwansel om vrede met hulle vrouens te bewaar. Giel en Ma se saamblyery kom ter sprake en Tjokkie toon sy misnoeë daarmee. Hy beskuldig vir Giel dat hy Ma misbruik vir haar pensioen, gratis verblyf en ander gunsies. Giel se geldnood en Tjokkie se weiering om hom uit te help, skep spanning. Giel bedink ’n ander plan. Hy vra skoorsoekerig vir Tjokkie of hy nie besig is om ’n herldersiende aanval te kry nie. Vir Giel sal Tjokkie voor Saterdag se perdewedren moet “sien” op watter perd Giel moet wed. Anders as Giel sê Tjokkie hy verdien sy geld en betaal sy verblyf by Ma op ’n eerbare wyse. Tjokkie is die middelpunt van die toneel.

#### WOORDVERKLARINGS

| | |
|---|---|
| **Buick** | ’n tipe motor wat in 1948, na afloop van Wêreldoorlog II, vervaardig is  |
| **(deur)grind** | slyp |
| **valves** | kleppe van ’n motor; ’n bewegende onderdeel (plaatjie van metaal) wat die stroming van ’n vloeistof deur ’n opening of buis met ’n tydelike afsluiting beheer |
| **crank** | aansitslinger of draaislinger om ’n motor aan die gang te sit |
| **gaar** | voos of stukkend |
| **exhaust** | uitlaatpyp van ’n motor |
| **gearbox-rat** | ratkas van ’n motor |
| **scrapyard** | wrakwerf of skrootwerf |
| **housing** | omhulsel |
| **domkrag** | ’n werktuig om ’n swaar voorwerp met minimum kraginspanning op te lig |
| **bearings** | laer of koeëllaer |
| **aksepsie** | aanstoot gee of aanstoot neem |
| **verkwansel** | iets op ’n knoeierige wyse, meestal onvoordelig, van die hand sit |

| | |
|---|---|
| **orraait** | sleng vir "all right" |
| **Jar** | ydellike uitroep van die Here se naam (christelik) |

## KONTEKSTUELE VRAE

**Uit: Karakterlys (pp. 39–40)**

1. Deur die karakterlys plaas die dramaturg *Siener in die Suburbs* reeds teen 'n spesifieke sosio-maatskaplike agtergrond. Bestudeer die karakterlys en lei af hoe die beskrywing van Ma, Giel, Tiemie en Jakes afsonderlik dié agtergrond skep.
(Byvoorbeeld: Tjokkie kom uit 'n enkelouer-huishouding, arm omgewing en is geklee in 'n oorpak, nie deftige klere nie.) (4) [3]

**Uit: Toneelaanwysings (pp. 41–42)**

2. Haal die beskrywing uit die toneelaanwysings aan wat direk by die titel van die drama aansluit. Wat is die funksie daarvan? (2) [1, 3]

3. Gee bewyse uit die toneelaanwysings van 'n situasie van armoede en verval wat deur die dramaturg opgeroep word. Dui ook aan hoedat die agterlike eenvoud deur woordgebruik gesuggereer word. (3) [1]

4. Amper in die middel van die verhoog vorm 'n enkelgarage, hidrouliese domkrag en 'n uitmekaargehaalde enjin die dekor. Dit suggereer die *sentrale visuele metafoor* van die drama-intrige (verhaalgebeure) en spanningslyn.

   Watter motor se enjin is uitmekaargehaal? Wat kan hierdie toneel *na jou mening* (en nadat jy *Siener in die Suburbs* gelees het) reeds aan die gehoor suggereer oor die omstandighede van die karakters se lewe? Watter vraag kan, nadat die finale teatergordyn gesak het, na aanleiding van die toneel gevra word? (3) [1, 3, 4]

**Uit: Eerste bedryf**

5. Watter twee karakters is volgens die toneelaanwysings eerste op die verhoog? Wat is, volgens die twee kenmerkende drama-elemente, opvallend aan hulle teenwoordigheid daar? Wat bereik die dramaturg alreeds daarmee in die openingstoneel? (3) [1]

6. Wat dra Giel in die "**vierkantige pakkie**"? (Toneelaanwysing en spreekbeurt 42) (1) [1]

7. **Lees spreekbeurte 5 tot 15.**

7.1 Met die intrapslag is daar konflik tussen oom Giel en Tjokkie. Waaroor ontstel Giel vir Tjokkie? Bewys dit uit beide tekstipes. (3) [1]

7.2 Die taalgebruik, in dié gedeelte en deur die drama, dra funksioneel by tot die bepaalde agtergrond waarbinne die karakters leef. Verduidelik volledig. (2) [1,3]

7.3 Watter houding openbaar Giel in dié gedeeltes teenoor Tjokkie? (1) [3]

8. **Lees spreekbeurte 4 en 53 saam met die titel.**
Die motief van "sien" word hierdeur uitgelig. Hoe verskil die verwysings na "sien" in spreekbeurt 4 teenoor die titel en spreekbeurt 53? (2) [1]

9. Verduidelik die uitdrukking, "**Hoef jou nie op te ruk nie!**" (spreekbeurt 20). (1) [2]

10. **Lees spreekbeurte 22 tot 36. Giel het "'n ding" op die hart volgens die toneelaanwysings.**

10.1 Die teaterganger kan dit nie uit die teks "lees" nie. Waaruit sál *die gehoor* moet kan aflei dat Giel onseker en angstig is om oor "'n ding" te praat? (2) [1, 3]

10.2 In dié teksgedeelte suggereer Giel se dialoog ook dat hy oor "'n ding" wil praat. Wat is sy benadering tot Tjokkie? (1) [1]

10.3 Watter afleiding maak Tjokkie uit Giel se veranderde houding? (1) [1]

10.4 Waaroor is Giel se ontsteltenis in spreekbeurt 36 so *ironies*, in ag genome sy vroeëre optrede teenoor Tjokkie? (2) [1, 3]

10.5 Watter verweer het Giel oor sy muurtekste en waarom is dit so ironies? (2) [1, 3]

10.6 Lees Giel se verweer oor sy spreuke: "... **hoeveel oopgebreekte huise het hierdie goed, hierdie goed, al help regmaak?**"
Benoem die stylfiguur/beeldspraak in.

- "**oopgebreekte huise**"; en
- "**het hierdie goed, hierdie goed**" (2) [2]

10.7 Hoe beeld die dramaturg Giel se innerlike handeling (emosie) op ’n uiterlike wyse in spreekbeurt 36 uit? (2) [1, 3]

11. **Lees spreekbeurte 37 saam met 35.**
Waarom stuur Tjokkie vir Giel na Ma, wat in die huis is, met sy muurteks en watter gevoel openbaar Tjokkie teenoor Giel na jou mening daaroor? (2) [2, 4]

12. Watter karaktereienskap openbaar Giel in spreekbeurt 42 en watter karakteriseringstegniek is ter sprake? (2) [2, 3]

13. **Lees spreekbeurt 42.**
Giel se konkrete muurteks: “**Wat is ’n huis sonder ’n vader?**” word ’n *visuele verhoogmetafoor* binne die drama. Verduidelik. (3) [1, 3]

14. **Lees spreekbeurt 43.**
Hoeveel soortgelyke slagspreuke het Giel reeds dié dag verkoop? Waar en aan wie het hy dit verkoop? Hoe karakteriseer Giel homself deur sy vertelling? (3) [1, 3]

15. Watter enkele woord in spreekbeurt 43 bewys dat Giel, in teenstelling met spreekbeurt 36, sy kuns self ook nie regtig te ernstig opneem nie? (1) [1]

16. Watter belangrike inligting oor die verlede blyk uit Tjokkie se vrae aan Giel (spreekbeurt 44)? Verduidelik volledig. (2) [1, 3]

17. Benoem die stylfiguur en verduidelik wat Tjokkie bedoel wanneer hy sê: “... **oom Giel bly by die pensioen**” (spreekbeurt 46)? (2) [1, 3]

18. **Lees spreekbeurte 47 tot 50.**
Benoem die volgende twee stylfigure na aanleiding van die gesprek tussen Tjokkie en Giel: “**Dis die waarheid orraait**” (Tjokkie) en “**Soos ’n vader, kan jy sê**” (Giel). (2) [2]

19. Waarom is Giel skielik “**byna verlig**” in die toneelaanwysing (spreekbeurt 53)? (1) [1]

20. Tjokkie is die hoofkarakter in die drama. Watter eienskappe van hom kan uit spreekbeurte 51, 52 en 54 afgelei word en wat is die verskil tussen hom en Giel? (2) [1, 3]

**[57]**